kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Profete en drome, en profetiese lewens

Skriflesing: Jesaja 6:1-13

Broodjies vir die pad

"The permanent temptation of life is to confuse dreams with reality. The permanent defeat of life comes when dreams are surrendered to reality."
— James A. Michener, The Drifters

"The highest function of love is that it makes the loved one a unique and irreplaceable being."
— Tom Robbins, Jitterbug Perfume

"It is not true that people stop pursuing dreams because they grow old, they grow old because they stop pursuing dreams."
— Gabriel García Márquez

"The mystery of human existence lies not in just staying alive, but in finding something to live for."
— Fyodor Dostoyevsky, The Brothers Karamazov

"Human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but ... life obliges them over and over again to give birth to themselves."
— Gabriel García Márquez

Where does the rainbow end,
in your soul or on the horizon?"
— Pablo Neruda, The Book of Questions

"Religion is not about accepting twenty impossible propositions before breakfast, but about doing things that change you. It is a moral aesthetic, an ethical alchemy. If you behave in a certain way, you will be transformed. The myths and laws of religion are not true because they they conform to some metaphysical, scientific or historical reality but because they are life enhancing. They tell you how human nature functions, but you will not discover their truth unless you apply these myths and doctrines to your own life and put them into practice."
— Karen Armstrong, The Spiral Staircase: My Climb Out of Darkness

"An age is called Dark, not because the light fails to shine, but because people refuse to see it."
— James A. Michener

"The great religious symbols and figures have always been figures of suffering, for the love of God always comes to rest upon the least among us, upon the ones who suffer needlessly. If anyone is indeed "privileged" by God, it is the underprivileged, because with God the last are first. The name of God is the name of the One who takes a stand with those who suffer, who expresses a divine solidarity with suffering, the One who says no to suffering, to unjust or unwarranted suffering."
— John D. Caputo, On Religion

"Sometimes I think it is my mission to bring faith to the faithless, and doubt to the faithful."
— Paul Tillich

"Life is a mission, not a career. A career is a profession, a mission is a cause. A career asks, What's in it for me? A mission asks, How can I make a difference?"
— Sean Covey

"The soul is healed by being with children."
— Fyodor Dostoevsky

"Our purpose is to consciously, deliberately evolve toward a wiser, more liberated and luminous state of being; to return to Eden, make friends with the snake, and set up our computers among the wild apple trees. Deep down, all of us are probably aware that some kind of mystical evolution - a melding into the godhead, into love - is our true task. Yet we suppress the notion with considerable force because to admit it is to acknowledge that most of our political gyrations, religious dogmas, social ambitions and financial ploys are not merely counterproductive but trivial. Our mission is to jettison those pointless preoccupations and take on once again the primordial cargo of inexhaustible ecstasy. Or, barring that, to turn out a good thin-crust pizza and a strong glass of beer. "
— Tom Robbins

"A guest never forgets the host who has treated him kindly."
— Homer

"Dreams surely are difficult, confusing, and not everything in them is brought to pass for mankind. For fleeting dreams have two gates: one is fashioned of horn and one of ivory. Those which pass through the one of sawn ivory are deceptive, bringing tidings which come to nought, but those which issue from the one of polished horn bring true results when a mortal sees them."
— Homer

"Our story, with its many sub-stories, still courses through us, and we are still trying to figure out what it is, what it means, and what we are to do about it. In speaking of these matters in a public setting recently, someone said, "Why should I bother to think about these things?" "Well, because perhaps you are living someone else's story if you do not," I replied. "What does that matter if I'm happy?" she retorted. "Though I am not against happiness," I returned, "I do consider it to be a poor measure of the worth and depth of one's life. Throughout history, the people who brought us the most often suffered greatly, and were scarcely happy carrots."
— James Hollis, What Matters Most: Living a More Considered Life

Ons word en ís die stories wat ons vertel

Wilhelm Jordaan

Vandat die mens kon praat was hy ’n storieverteller. En die vertelwyse het gewissel van mondelings tot stukkies papirus en wasvelle; en van boeke tot internetplatforms.

Soms is die stories waar, soms blatante versinsel en soms ’n vernuftige vermenging.

Oor sulke stories het die Franse skrywer en filosoof Jean-Paul Sartre gesê: “Elke mens word omring deur sy eie stories en dié van ander. Alles wat met jou gebeur, beleef jy deur hierdie stories en jy probeer lewe of jy besig is om die stories te vertel.”

Hoe ook, sulke stories kan verstaan word as uitings van die mens se behoefte om van geweet te wees. Nou nog meer vandat Covid-19 die kontak tussen mense, ook dié naaste aan jou, verskraal en mense in ’n greep van afsondering en eensaamheid plaas. Die baie soorte stories in die sosiale media kan ook verstaan word as ’n soort protes teen naamloosheid en lewensvlugtigheid.

Talle spalk hulself met oorgawe oop om van geweet te wees – ’n bietjie sterstatus.

Sulke eie stories word ’n kolliggie, ’n droompie om aan vas te hou om die bewuste en onbewuste verlange na ’n eie, betekenisvolle verhaal te stil. In die trant van storiemaak kan jy jou lewe telkens herskryf, applous of verguising daarvoor kry, jou storie bywerk en ’n “nuwe lewe” kry, al is dit fiktief. Dít sonder om dié ironie te snap: Jou uitgebasuinde internetsiel is ’n illusionêre verbon-denheid aan mense. Een trefslag (“hit”) op jou insetsel word gevolg deur ’n ander en nog meer verbygaande ander – deel van ’n groeiende permanente kortstondigheid.

Dié groeiende kultuur van die saakmakende eie storie vind deesdae meer formeel neerslag in navorsing in die menswetenskappe en in psigoterapie en berading. Dit steun grootliks op die psigoanalis Sigmund Freud se “praatgenesing” – van ’n mens (die terapeut) wat met aandag, sensitiwiteit en nie-veroordelend luister na ’n ander, wat praat. En dat die “eie woorde” (die narratief) van die spreker heling bring.

Onder die vaandel van “edutainment” en “infotainment” word praatgenesing op TV gebanaliseer – weg van die spreekkamer-privaatheid en die ouwêreldse “couch”. Dis ’n geval van “my eie storie” vertel vir ’n gehoor onder leiding van ’n beradende biegpersoon om ’n versweë en getraumatiseerde mensheid tot genesende spraak te bring.

In navorsing word die eie subjektiewe storie al hoe meer gebruik om tot begrip te kom van mense se intens persoonlike belewenisse in moeilike en mensonterende lewensituasies, byvoorbeeld oor die durende nagevolge van apartheidstrauma en -ontneming. Daar is baie variasies op dié narratiewe tema. In byvoorbeeld outo-etnografie kan jy jou eie lewe, of ’n kernaspek daarvan, as ’n studie aanbied. Die diep beskryfde eie lewe word verstaan as “intieme wetenskap”, wat dalk resoneer met die lewe van ander ter wille van mekaar se heling en genesing. So is ons en word ons die stories wat ons vertel.

** Jordaan is ’n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ons-word-en-is-die-stories-wat-ons-vertel-20210525

Brood vir die pad

Dit is Pinkster: Laat ons luister

Jan Lubbe

In die somer van ’46 – nou, 75 jaar gelede – het die teoloog Karl Barth vroegoggend saam met studente en kollegas vir ’n lesingreeks tussen die ruïnes van Bonn, die stad wat deur oorlog verwoes is, byeengekom.

Eers het hulle ’n Psalm of geliefde gesang gesing, “om ons harte en gemoed te verhef”, het Barth vertel. Rondom het Nazi-Duitsland verslaan gelê, bykans 70 miljoen mense wêreldwyd die dood ingesleep deur ’n magsdronke ideologie van haat en rassisme. Ontreddering oral. In sulke tye, aldus Barth, vra jy na die dieptes van wat ons glo oor God, na die eeue oue geloofswoorde soos wat dit telkens onder vervolging, skrik en lyding gesê en wéér opgesê is. Geloofswoorde wat wou herinner, wou bemoedig. Gebroke mensewoorde waarmee iets gewaag word in ons beperkte taal oor “die enige geestelike Wese, wat ons God noem, die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is” (Nederlandse Geloofsbelydenis, 1561) . . .

Credo in unum Deum, ek glo in een God.

Ons waag om dit weer te sê, terwyl ons stad Bloemfontein nog verbyster is oor grootskaalse ontwrigting, nog woedend oor gebrek aan dienslewering en hopelose leierskap, nog rou oor ’n tienerseun van Heidedal sommer doodgeskiet is – sy naam was Jevanno. Ons waag hierdie geloofswoorde terwyl ’n derde vlaag van Covid-19 oor ons huise, skole en kerke, oor die Vrystaat trek, ’n doodsengel met verslaentheid in sy wieke.

Ons waag om iets te sê oor die Woord wat menslike gestalte aanneem – Jesus – gebore in Betlehem, besette gebied op die Wesoewer, terwyl geweld tussen Jode en Palestyne die afgelope twee weke meer as 60 kinders daar dood gelaat het. Ons waag om iets te sê oor die Skepper van ’n mooi blou planeet met water soos dié; 4,5 miljard jaar oud en nou deur menslike gierigheid en besoedeling bedreig, ons stofkorreltjie in ’n duiselingwekkend uitgestrekte heelal. Ons waag geloofswoorde oor die Gees van dié God, van ewigheid tot ewigheid lewend en lewegewend, ons aanbidding waardig.

Et in Spiritum Sanctum.

Eergister was Pinkstersondag. Ons onthou die belewenis van die klein dissipelkring en groepie bang vroue wat in Jerusalem gewag het op die vervulling van ’n belofte, en wat toe dit gebeur – wind, vuur, taal – ontdek het húlle word die draers van goeie nuus (Handelinge 2). Óór die grense van etnisiteit en geografie; die wind waai waar dit wil, so die Asem van God. Vry, vloeiend, vernuwend. Die beweging van God na óns toe en deur ons verder om heil en hoop na die hele wêreld te dra: Daarvoor moet jy “inner ears” ontwikkel en goed luister, aldus Barth, na die één Stem wat oral opklink en dikwels onverwags.

Die Stem daarbuite, in die skepping en seisoene, ’n sterrenag in die Kalahari, die val van ’n herfsblaar in die Oos-Vrystaat of eerste reën in die Boland; “hoe kon ek dink dat somer ryker is as hierdie groei en stil geheimenis” (“Winter”, N.P. van Wyk Louw). Die Stem in die sugte van ’n diereryk en mensheid, die noodlydendes, vlugtelinge, armes, in gebede wat verstil, asem wat opraak (Romeine 8). Die Stem in jou binneste, ’n gewaarwording en wete. En, by Name: Die Stem in die ou Skrifte, in profeteboeke, psalms en evangelies – die Parakleet, “die Een wat langs jou roep”, wat deur die Profeet van Nasaret belowe is om sy woorde aan ons te kom verhelder.

Dit het Pinkstertyd geword. Mag ons fyn genoeg luister en onderskei hoe Hy nou en hier langs ons roep.

Want ja, ook óns word as hoorders – saam met mekaar en ander – ingesluit, opgeneem in die misterie van dié Spreker, Woord en Stem. Drie. Een. Geloofswoorde.

** Lubbe is ’n leraar van die NG kerk Berg-en-Dal in Bloemfontein.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dit-is-pinkster-laat-ons-luister-20210524

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877